# BYBELGEBRUIK TYDENS GROEPSBYBELSTUDIE

Geagte Tessa-bybelstudiegroep,[1]

Hieronder vind julle drie belangrike aspekte aangaande ons bybelstudiegroep vir hierdie eerste helfte van die jaar:

1. Die program van ons is 'n 12 weeklange bestudering van 1 Tessalonika.
2. Die basiese struktuur (agenda) van elke byeenkoms.
3. Belangrike hulpmiddels vir ons bybelstudie.

Dit is my gebed en hoop dat ons waarlik toegerus en verryk mag word deur hierdie groepsbybelstudie.

O ja, die Bybelstudieboek wat ons saam oor besluit het om te gebruik as raamwerk "Studies in 1 Thessalonians" deur ds. C. Hanko, behoort volgende week hier te wees. Bring geld saam asb.

Groete
Slabbert

---

**1. DIE 1 TESSALONIKA - PROGRAM**

**Ons** beplan om DV, die 15de Maart te begin en dan vir 9 weke daarna te ontmoet. Afhangende hoe die bybelstudie verloop, kan ons ook wel langer aangaan.

Hier is die basiese program met die indeling van die teksgedeeltes (perikope) wat ons elke keer gaan behandel:

**Week 1 (15 Maart)**: Inleiding en oorsig van die Boek
- sien veral die inleidende werke van JC Coetzee, 'Die Blye Boodskap: 'n Gids deur die Boeke van die Nuwe Testament (die Briewe van Paulus)', asook V.E. d'Assonville se 'Oorsig oor die Nuwe Testament'.
**Week 2 (22 Maart)**: Groete en danksegging, 1:1-10
**Week 3 (29 Maart):** Paulus se verdediging van sy prediking, 2:1-12
**Week 4 (19 April):** Die ontvangs van die evangelie deur die Tessaloniseërs, 2:13-20

**Week 5 (26 April):** Paulus se antwoord op Timoteus se verslag, 3:1-13
**Week 6 (3 Mei):** Algemene oproep tot oorvloediger lewenswandel, 4:1-2
**Week 7 (10 Mei):** Oproep tot reinheid in huwelikslewe, 4:3-8

---

[1] Denkbeeldige naam van die bybelstudiegroep: *Tessa* van *Tessa*lonisense.

**Week 8 (17 Mei):** Oproep tot liefdesbetoon en gehoorsaamheid, 4:9-12

**Week 9 (24 Mei):** Die finale opstanding, 4:13-18

**Week 10 (31 Mei):** Christus se skielike terugkeer, 5:1-11

**Week 11 (7 Junie):** Verskillende evangeliese opdragte, 5:12-22

**Week 12 (14 Junie):** Afsluiting, 5:23-28 (+ ons eie samevatting en hersiening)

**Week 13 (21 Junie):** Bring en braai !

---

## 2. DIE AGENDA

Ons agenda vir elke bybelstudie gaan min of meer soos volg loop, afhangende van die omstandighede:

**Inleiding** (20 minute)

i. Sang: 3 Psalms

ii. Opening met gebed

iii. Verwelkoming

iv. Lief en leed

**Inhoud** (40 minute)

iv. Hersiening van vorige weke se perikope

v. Lees van betrokke week se perikoop

vi. Geleentheid vir enige vooraf vrae wat tydens eie voorbereiding na vore gekom het, sodat dit ook in die bybelstudie behandel kan word.

vii. Behandeling van spesifieke vrae wat die vorige week uitgedeel is, saam met nuwe vrae en bespreking.

viii. Samevatting van perikoop en vers om te memoriseer

**Slot** (30 minute)

ix. Rondvraag: geleentheid vir administratiewe geleenthede reëlings vir volgende Bybelstudie (by wie, wanneer, wie bring die verversings, ens.)

x. Afsluiting en saamkuier

**VOORBEELD:**

**Inleiding** (20 minute)

i. Sing: Psalm 25:2; 46:1; 105:5

ii. Opening met gebed: Oom Johan se beurt

iii. Verwelkoming: Slabbert

iv. Lief en leed: tannie Sannie

**Inhoud** (40 minute)

**iv. Hersiening van vorige weke se perikope:**

weke 1 tot 6 weer deurgaan asb, veral week 5 se deel: 1 Tess 4:1-12.

Ons gebruik nogsteeds Du Preez (1981) se detail makrostruktuur om ons te help verstaan waar ons huidige bybelstudie inpas:

DIE EERSTE BRIEF AAN DIE TESSALONISENSE

Eerste hoofdeel: geskiedkundig en persoonlik (hfst 1–3)

1. Skrywer(s), lesers, openingsgroet (1:1)
2. Redes om God vir die arbeid in Tessalonika te dank (1:2–10)
3. Hoe die evangelie in Tessalonika verkondig is (2:1–12)
   - 3.1 Die sendelinge se vrymoedigheid te midde van stryd (2:1–2)
   - 3.2 Suiwer bedoelinge, suiwer liefde (2:3–9)
   - 3.3 ’n Lewenswandel tot eer van God beoefen en verkondig (2:10–12)
4. Opnuut rede vir danksegging (2:13–16)
   - 4.1 Die Tessalonisense het die verkondigde woord as woord van God ontvang (2:13)
   - 4.2 Vervolging getrotseer deur die krag van die Woord (2:14–16)
5. Uit die oog maar nie uit die hart (2:17–3):13
   - 5.1 Paulus se begeerte om weer ’n geliefde gemeente te besoek (2:17–20)
   - 5.2 Timoteus gestuur om die gemeente te bemoedig (3:1–5)
   - 5.3 Blydskap oor goeie nuus uit Tessalonika (3:6–8)
   - 5.4 Blydskap mond uit in dank en gebed vir die gemeente (3:9–13)

Tweede hoofdeel: vermanend en lerend, hfst 4–5

6. Oproep tot oorvloediger Christelike wandel (4:1–12)
   - 6.1 Algemene oproep tot oorvloediger Christelike wandel (4:1–2)
   - 6.2 Oproep tot oorvloediger reinheid in die huwelikslewe (4:3–8)
   - 6.3 Oproep tot oorvloediger liefde getoon in groter arbeidsaamheid (4:9–12)
7. Onderrig oor die einddinge (4:13–5):11
   - 7.1 **Oor gelowiges wat voor die wederkoms sterf (4:13–18)**
     - Ekskursie 1: Wat 1 Tess. 4:13–18 oor die laaste dinge leer
     - Ekskursie 2: Oor Paulus se woordgebruik in 1 Tess. 4:13–18
   - 7.2 Gelowiges se kennis van, en gereedheid vir die dag van die Here (5:1–11)
8. Verskillende evangeliese opdragte (5:12–22)
   - 8.1 Vermanings aangaande onderlinge verhoudinge in die gemeente (5:12–15)
   - 8.2 Opdragte aangaande die basiese lewenshouding van die gemeente (5:16–22)
9. Afsluiting (5:23–28)
   - 9.1 Gebedsversugting en -versekering (5:23–24)
   - 9.2 Laaste opdragte (5:25–27)
   - 9.3 Slotseën (5:28)

**v. Lees van betrokke week se perikoop**:

Ons behandel in week 7, 1 Tess.4:13-18 wat handel oor die 'finale opstanding'. Hier is 'n baie aktuele onderwerp, veral omdat baie van ons charismatiese vriende en bure hierdie gedeelte gebruik om hul dwalinge te bevorder.

vi. Geleentheid vir **enige vooraf vrae** wat tydens eie voorbereiding na vore gekom het, sodat dit ook in die bybelstudie behandel kan word.

**vii. Behandeling van spesifieke vrae:**

a. Wat was die spesifieke probleem in die gemeente wat Paulus hier aanspreek ?
b. Wie is die ontslapenes wat hierna verwys word in vers 13 ?
c. Aktuele vraag: waar hulle wat in die Here ontslaap het nou (Ps.16:10; Luk.23:44; 2 Kor.5:1)
d. Bestudeer die konsep 'slaap' in die volgende teksgedeeltes: Hand.7:60; 1 Kor.11:26-30; 1 Tess.4:13-18
e. Dus: wat beteken 'slaap' in hierdie perikoop ?
f. Hoe volg die opstanding van die gelowiges die opstanding van Christus (sien HK, So.17) ?
g. Hoe gaan die volgorde van Christus se koms wees vanuit hierdie en ander Skrifgedeeltes (Matt.24:30; Joh.5:28; Dan.10:13,21;12:1; Judas 9; Op.12:7)
h. Wat is die simboliek van die trompet wat blaas ?
i. Wat sal gebeur met hulle wat nog in die lewe is met Christus se wederkoms (1 Cor.15:51-54) ?
j. Aktuele vraag: verwys vers 17 na "Die Wegraping" soos dit bekend geword het in charismatiese en dispensasionele kringe ?
k. Waarvan is die wolke simbolies in vers 17 (sien Hand.1:9-11) ?
l. Wat is die verhouding tussen vers 17 en 3:13 en 4:14 ?
m. Watter troos bring hierdie gedeelte vir jou (sien Sondag 19, v/a 52) ?

**viii. Samevatting van perikoop en vers om te memoriseer**

Nadat ons week 7 gedoen het moet ons die volgende vrae kan beantwoord:

- wat leer dit ons aangaande *God Drie-enig* (sien HK, v/a 24)?
- wat leer dit ons aangaande *die mens* ?
- wat moet ons daaruit *glo én doen* (gehoorsaam) ?

Doen dus voorbereiding en studie met hierdie vrae in gedagte.

Verse om te memoriseer: [57] *Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.* [58] *Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.* – 1 Kor.15

**Slot**

ix. Rondvraag: geleentheid vir administratiewe geleenthede en reëlings vir volgende Bybelstudie (by wie, wanneer, wie bring die verversings, ens.)

x. Afsluiting en saamkuier

***Eie voorbereiding***

- volgens die program/agenda hierbo uiteengesit met die volgende doelwitte en gedagtes om die bybelstudiegroep te begelei:

**My oorhoofse doelwit met bybelstudies:**

Strewe daarna dat die bybelstudielede die "the big main idea" kry van die bepaalde perikoop: i) die *telos*, die doel van die spesifieke Skrifgedeelte en, ii) hoe dit ons eie lewe raak. Die verdere doel: 2 Tim.3:15-17

Die volgende struktuur volg om daarby uit te kom (LO Richards se Creative Bible Teaching):

**a. *Waarneming: wat staan daar geskrywe?***

Wat het die skrywer oorspronklik gesê vir die mense wat dit die eerste keer gelees het. Let daarom op die volgende vrae:

*Konteksvrae (veral vir week 1):*

1. Wie is die skrywer of spreker?
2. Waarom is die boek geskryf?
3. Wat is die historiese agtergrond?
4. Waar was dit geskryf?

*Struktuele vrae:*

1. Watter woorde/frases word herhaal?
2. Vergelykings en kontraste?
3. Watter vrae word gestel en watter word beantwoord?
4. Enige oorsaak en gevolg verhoudings?
5. Progressie en oorgang in die teks?
6. Klimaks van die teks?
7. Enige stylfigure wat gebruik word?
8. Enige sentrale gesegdes of woorde?
9. Watter voegwoorde word gebruik wat belangrik is?
10. Watter werkwoorde word gebruik?

***b. Verklaring: wat beteken dit?***

Die Skrif kan verskillende toepassings hê maar slegs een ware interpretasie en verklaring. Wanneer die Skrif verklaar word, moet die volgende drie reëls in ag geneem word:

1. die Skrif moet met Skrif verklaar word, want daar is 'n eenheid in die boodskap van die Skrif.
2. die teks moet binne sy konteks verklaar word.
3. die letterlike betekenis moet gevolg word, d.w.s. die grammaties-historiese metode, wat beteken dat elke vers of Skrifdeel moet volgens sy literatuursoort waarbinne dit voorkom verklaar word.

***c. Toepassing: watter verskil maak dit?***

Om korrekte toepassings te maak, moet die volgende riglyne gevolg word (leer dit aan bybelstudielede):

1. Verklaring moet toepassing voorafgaan.
2. Toepassing fokus op Bybelse antwoorde vir algemene kwessies van vandag.
3. Die Bybel moet toegepas word soos God dit bedoel het (2 Tim.3:15-17).

Vervolgens kan die volgende vrae ook gevra word met die oog op die toepassing:

- Is hier 'n lering wat geglo en gedoen moet word?
- Is hier 'n waarskuwing wat gehoor en gehoorsaam moet word?
- Is daar iets wat moet verander?
- Wat leer die teks ons oor hoe om regverdig te lewe?

***d. Implementering: wat moet ek verander?***

- verskillende persone en situasies in ag neem.
- probeer lede aan die gesels kry oor hul eie situasies
- baie belangrik: elkeen moet homself afvra waar en hoe hy moet verander?

---

**3. HULPMIDDELS**

- hierdie is hulpmiddels wat jul kan saambring of ten minste kan gebruik in jul eie voorbereiding.

a. Bybel: enige vertaling (probeer albei vertalings bring). In jou voorbereiding, gebruik soveel as moontlik vertalings en paraphrases en vergelyk dit met mekaar. As jy in enige ander taal kan lees, bring dit gerus saam sodat ons dit met die ander vertalings in die groep kan vergelyk. Voorstel: dalk kan ons met mekaar ooreenkom dat elkeen – naas sy eie keuse vir 'n spesifieke vertaling – ook nog elkeen 'n ander vertaling bring sodat ons soveel as moontlik vertalings het om te vergelyk.

b. Studiebybels: o.a. die Bybel met Verklarende Aantekeninge; die Bybel Verklaar; The Reformation Study Bible; Life Application Study Bible; NIV Study Bible, ens. Hierdie gaan veral nodig wees vir ons eerste les as inleiding op die behandeling van die hele boek.

c. Psalmboeke: ons gaan ook lekker saam sing !

d. Konkordansie en Bybelse Woordeboek (bv. Bybels ensiklopedie)

e. Enige goeie kommentare. Ek kan die volgende aanbeveel:

- Calvyn se kommentaar op Tessalonisense (in Engels of Nederlands)
- Die Briewe aan die Tessalonisense, J. du Preez (Swart reeks)
- De Brieven aan de Thessalonicensen, JAC van Leeuwen (Korte Verklaring-reeks)
- 1 & 2 Tessalonians, W. Hendriksen (NTC)
- First and Second Thessalonians, GH Clark
- Commentary on 1 & 2 Thessalonians, C.A. Wanamaker (NIGTC). Hierdie kommentaar is meer tegnies van aard en veronderstel 'n basiese kennis van die Grieks.

('n mens kan ook een volume kommentare soos bv. die New Bible Commentary of Matthew Henry gebruik).

f. Bring ook pen en papier saam om notas te maak.

**Bronnelys**

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

COETZEE, J.C. 1975. Die Blye Boodskap: 'n Gids deur die Boeke van die Nuwe Testament (die Briewe van Paulus). Potchefstroom: Pro Rege.

DU PREEZ, J. 1981. Die Briewe aan die Tessalonisense. Kaapstad: Lux Verbi.

HANKO, C. 1994. Studies in 1 Thessalonians. Grand Rapids, MI: RFPA.

D'ASSONVILLE, V.E. 1984. Oorsig oor die Nuwe Testament. Potchefstroom: Marnix.

RICHARDS, L.O. & Bredfeldt, G.J. 1998. Creative Bible Teaching. Chicago: Moody.